Ekoboom

'n Ekoboom, gemaak uit herwinbare materiaal soos kurkproppe, koeldrankdoppies en plastiek, word by die Umcebo-handwerkstalletjie by vanjaar se Design Indaba in die Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrum uitgestal. Die boom is sowat 6 m hoog en drie mense het dit in sowat drie maande voltooi. Die groot lampe langs die boom word van draad en verskillende krale gemaak en dit neem iemand ongeveer 'n maand om te voltooi. Die ware word teen verskillende pryse verkoop. Die Indaba het gister begin en duur tot môre. Volwassenes betaal R50 vir toegang, terwyl studente en pensioentrekkers R30 sal moet opdok. Leerders en kinders onder 12 sal R20 betaal.

Foto: JASON BOU